UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CXCVIII.] PRICE 6d. PRETORIA, 2 OCTOBER 2 OKTOBER 1959. PRYS 6d. [No. 6288.

CONTENTS ON BACK PAGES. INHOUD AGTERIN.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 1540.] [2 October 1959.

ABOLITION OF THE COURT AT STRYDENBURG, DISTRICT OF HOPETOWN.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*h*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), as amended, I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice, abolish with effect from the date of publication hereof, the Court at Strydenburg, in the District of Hopetown, Province of the Cape of Good Hope.

Proclamation No. 85 of 1916 is hereby withdrawn.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

No. 1558.] [2 October 1959.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to approve on the 15th September, 1959, of the grant of recognition to Mrs. Gillian Vigne as Vice-Consul of Brazil in Cape Town with jurisdiction over the Union of South Africa and the territory of South West Africa.

No. 1559.] [2 October 1959.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to approve on the 15th September, 1959, of the grant of recognition to Mr. Louis Martens as Consul-General of Belgium in Johannesburg with jurisdiction over the Provinces of Natal, Transvaal and the Orange Free State, with effect from the 5th September, 1959, in anticipation of the issuance to him of Her Majesty The Queen's Exequatur. Mr. Martens is the successor of Miss E. R. Dever.

No. 1569.] [2 October 1959.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to approve on the 15th September, 1959, of the grant of recognition to Miss Margaret J. McClellan as Consul of the United States of America in Port Elizabeth for Port Elizabeth and its prescribed district, in anticipation of the issuance to her of Her Majesty the Queen's Exequatur. Miss McClellan is the successor of Mr. N. L. Cansler.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 1540.] [2 Oktober 1959.

AFSKAFFING VAN DIE HOF OP STRYDENBURG, DISTRIK HOPETOWN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*h*) van artikel *twee* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig, skaf ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie, met ingang van die datum van publikasie hiervan, die hof op Strydenburg, in die distrik Hopetown, Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, af.

Proklamasie No. 85 van 1916 word hierby ingetrek.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 1558.] [2 Oktober 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om op 15 September 1959 sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mev. Gillian Vigne as Vise-konsul van Brasilië in Kaapstad met die Unie van Suid-Afrika en die gebied Suidwes-Afrika as haar regsgebied.

No. 1559.] [2 Oktober 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om op 15 September 1959 sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mnr. Louis Martens as Konsul-generaal van België in Johannesburg met die provinsies Natal, Transvaal en Oranje-Vrystaat as sy regsgebied, met ingang van 5 September 1959, in afwagting van die uitreiking aan hom van Haar Majesteit Die Koningin se Erkenningsbesluit. Mnr. Martens is die opvolger van mej. E. R. Dever.

No. 1569.] [2 Oktober 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om op 15 September 1959, sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mej. Margaret J. McClellan as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Port Elizabeth vir Port Elizabeth en die voorgeskrewe distrik daarvan in afwagting van die uitreiking aan haar van Haar Majesteit die Koninging se Erkenningsbesluit. Mej. McClellan is die opvolger van mnr. N. L. Cansler.

No. 1570.] [2 October 1959.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to approve on the 15th September, 1959, of the grant of recognition to Mr. Joseph Shadid as Consul-General of the Lebanese Republic in Johannesburg, with jurisdiction over the Union of South Africa, with effect from the 20th July, 1959, in anticipation of the issuance to him of Her Majesty the Queen's Exequatur.

No. 1571.] [2 October 1959.

It is hereby notified that the following persons are registered in terms of section *four* of the Diplomatic Privileges Act, No. 71 of 1951, as being entitled to diplomatic immunity under the said Act:—

1. *Legation of Israel.*
   Mr. M. Nurock.

2. *Embassy of the Netherlands.*
   Mr. L. G. N. M. Ravesloot.
   Mrs. F. J. Ravesloot.
   Miss A. L. P. Ravesloot.
   Miss N. V. Ravesloot.
   Master H. F. Ravesloot.

3. *Office of the High Commissioner for the United Kingdom.*
   Mrs. R. Crawley.
   Miss J. R. Crawley.

4. *Embassy of the United States of America.*
   Lt. Com. O. L. Norman.
   Mrs. B. K. Norman.
   Master N. S. Norman.
   Master C. le G. Norman.
   Miss V. E. Long.
   Miss S. M. Long.
   Miss A. Lukso.

No. 1572.] [2 October 1959.

It is hereby notified that the registration in terms of section *four* of the Diplomatic Privileges Act, No. 71 of 1951, of the following persons as being entitled to diplomatic immunity under the said Act, has been cancelled:—

1. *Office of the High Commissioner for Australia.*
   Mr. I. E. Nicholson.
   Mrs. J. A. Nicholson.
   Miss J. A. Nicholson.

2. *Embassy of the Federal Republic of Germany.*
   Mr. E. von Dziegielewski.
   Mrs. L. von Dziegielewski.
   Miss I. von Dziegielewski.

3. *Embassy of the Netherlands.*
   Mr. S. Meijer.
   Mrs. W. J. A. Meijer.
   Miss E. A. Meijer.
   Master E. Meijer.
   Master G. W. Meijer.
   Mr. P. J. H. Jonkman.
   Miss M. E. te Winkel.

No. 1570.] [2 Oktober 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om op 15 September 1959, sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mnr. Joseph Shadid as Konsul-generaal van die Libanese Republiek in Johannesburg, met die Unie van Suid-Afrika as sy regsgebied, met ingang van 20 Julie 1959, in afwagting van die uitreiking aan hom van Haar Majesteit die Koninging se Erkenningsbesluit.

No. 1571.] [2 Oktober 1959.

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persone, ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Voorregte, No. 71 van 1951, geregistreer is as geregtig op diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet:—

1. *Gesantskap van Israel.*
   Mnr. M. Nurock.

2. *Ambassade van die Nederlande.*
   Mnr. L. G. N. M. Ravesloot.
   Mev F. J. Ravesloot.
   Mej. A. L. P. Ravesloot.
   Mej. N. V. Ravesloot.
   Jongeheer H. F. Ravesloot.

3. *Kantoor van die Hoë Kommissaris vir die Verenigde Koninkryk.*
   Mev. R. Crawley.
   Mej. J. R. Crawley.

4. *Ambassade van die Verenigde State van Amerika.*
   Luit.-kom. O. L. Norman.
   Mev. B. K. Norman.
   Jongeheer N. S. Norman.
   Jongeheer C. le G. Norman.
   Mej. V. E. Long.
   Mej. S. M. Long.
   Mej. A. Lukso.

No. 1572.] [2 Oktober 1959.

Hierby word bekendgemaak dat die registrasie van ondergenoemde persone, ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Voorregte, No. 71 van 1951, as geregtig op diplomatieke immunitiet kragtens genoemde Wet, ingetrek is:—

1. *Kantoor van die Hoë Kommissaris vir Australië.*
   Mnr. I. E. Nicholson.
   Mev. J. A. Nicholson.
   Mej. J. A. Nicholson.

2. *Ambassade van die Federale Republiek van Duitsland.*
   Mnr. E. von Dziegielewski.
   Mev. L. von Dziegielewski.
   Mej. I. von Dziegielewski.

3. *Ambassade van die Nederlande.*
   Mnr. S. Meijer.
   Mev W. J. A. Meijer.
   Mej. E. A. Meijer.
   Jongeheer E. Meijer.
   Jongeheer G. W. Meijer.
   Mnr. P. J. H. Jonkman.
   Mej. M. E. te Winkel.

4. *Legation of Sweden.*
   Mr. G. I. A. F. Aminoff.
   Mrs. M. A. M. Aminoff.
   Miss A. Aminoff.
   Miss U. Ernberg.
5. *Office of the High Commissioner for the United Kingdom.*
   Mr. J. N. Allan.
6. *Embassy of the United States of America.*
   Mr. K. F. Rose.
   Mrs. R. E. Rose.
   Master L. L. Rose.

4. *Gesantskap van Swede.*
   Mnr. G. I. A. F. Aminoff.
   Mev M. A. M. Aminoff.
   Mej. A. Aminoff.
   Mej. U. Ernberg.
5. *Kantoor van die Hoë Kommissaris vir die Verenigde Koninkryk.*
   Mnr. J. N. Allan.
6. *Ambassade van die Verenigde State van Amerika.*
   Mnr. K. F. Rose.
   Mev. R. E. Rose.
   Jongeheer L. L. Rose.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1532.] [2 October 1959.

AMENDMENT TO GOVERNMENT NOTICE No. 2801, DATED 2ND NOVEMBER, 1951, ISSUED UNDER THE EXCHANGE CONTROL REGULATIONS.

The following amendment to the above-mentioned notice is published for general information:—

DECLARATION IN REGARD TO FOREIGN EXCHANGE PROCEEDS OF EXPORTS.

Paragraph 5, as amended by Government Notice No. 798, dated 6th June, 1958, is hereby further amended by substituting the form set out in the Schedule hereto, for the presently prescribed form.

NOTE.—The effect of this amendment will be to alter slightly form F. 178 in a manner designed to facilitate the completion and handling thereof.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1532.] [2 Oktober 1959.

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 2801 VAN 2 NOVEMBER 1951, UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES.

Onderstaande wysiging van bogenoemde kennisgewing word hierby vir algemene inligting bekendgemaak:—

VERKLARING INSAKE VREEMDE VALUTAOPBRENGS VAN UITVOERE.

Paragraaf 5, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 798 van 6 Junie 1958, word hierby verder gewysig deur die tans voorgeskrewe vorm te vervang deur die vorm uiteengesit in die Bylae hiervan.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie wysiging is dat vorm F. 178 effens gewysig word ten einde die invul en hantering daarvan te vergemaklik.

F. 178.

DECLARATION IN REGARD TO FOREIGN EXCHANGE PROCEEDS OF EXPORTS.
(For completion by Consignor or Person authorised by him.)

THE COLLECTOR OF CUSTOMS AND EXCISE,
AT.....

I/We....., for and on behalf of.....

Address.....

do hereby declare that the proceeds of the sale or disposal of the goods detailed in the schedule hereunder have been/will be—

*(*a*) sold to.....(name of authorised dealer) at.....

*(*b*) exempted by the Treasury in terms of paragraph (7) of regulation 6 of the Exchange Control Regulations.

(*Delete whichever is not applicable.)

Dated at.....this.....day of.....19.....

Attested by

.....
Authorised Dealer.

.....
Signature of Declarant.

Name of vessel or other mode of conveyance.	No. of Package or Weight or Quantity.	Description of Goods.	Country of Origin.	Name and Address of Consignee and Country of Ultimate Destination.	Value.		Time and Method of Payment (state from whom and in what currency payment has been or will be received).
					S.A. Currency. £ s. d.	Foreign Currency.	

NOTE.—(A) In regard to the last column of the declaration headed "Time and Method of Payment" it is essential that the following information be furnished:—

(i) The name of the person or firm from whom payment has been or will be received; (ii) the approximate date of receipt in the Union of the export proceeds; and (iii) the currency in which payment has been or is to be received, i.e. for—

(*a*) Exports to the Sterling Area: Sterling, the currency of another country in the Sterling Area (specify), or South African £'s from a Non-Resident Sterling Area Account;
(*b*) Exports to the Non-Sterling Area: Sterling from an External Account, South African £'s from an External Account, or a Non-Sterling Area Currency (specify).

(B) All original Forms F. 178 should be forwarded direct to the South African Reserve Bank, P.O. Box 427, Pretoria, by Collectors of Customs and Excise Post Office after acceptance by them.

F. 178.

VERKLARING INSAKE VREEMDE VALUTA-OPBRENGS VAN UITVOERE.
(Moet ingevul word deur afsender of iemand deur hom gemagtig.)

DIE ONTVANGER VAN DOEANE EN AKSYNS,

TE.....

Ek/Ons....., vir en namens.....

Adres.....

verklaar hierby dat die opbrengs van die verkoop of vervreemding van die goedere omskryf in onderstaande bylae—

*(*a*) verkoop is/sal word aan.....(naam van gemagtigde handelaar) te.....

*(*b*) deur die Tesourie ooreenkomstig paragraaf (7) van regulasie 6 van die Deviesebeheer-regulasies vrygestel is/sal word.

(*Skrap wat nie van toepassing is nie.)

Gedateer te..... op hede die.....dag van.....19....

Geattesteer deur

Gemagtigde handelaar.

Handtekening van verklaarder.

Naam van skip of ander vervoermiddel.	Getal pakkette of gewig of hoeveelheid.	Beskrywing van goedere.	Land van herkoms.	Naam en adres van geadresseerde en land van uiteindelike bestemming.	Waarde.		Tyd en wyse van betaling (meld van wie en in watter valuta betaling ontvang is of sal word.
					S.A. geld. £ s. d.	Vreemde geld.	

OPM.—(A) Ten opsigte van die laaste kolom van die verklaring, met die opskrif „ Tyd en wyse van betaling " is dit noodsaaklik dat die volgende inligting verstrek word:—

(i) Die naam van die persoon of firma van wie betaling ontvang is of sal word; (ii) die benaderde datum van ontvangs in die Unie van die opbrengs van uitvoere; en (iii) die valuta waarin betaling ontvang is of sal word, naamlik vir—

(*a*) Uitvoere na die sterlinggebied: Sterling, die valuta van 'n ander land binne die sterlinggebied (spesifiseer) of Suid-Afrikaanse £'e van 'n nie-inwoner-sterlinggebiedrekening;

(*b*) Uitvoere na lande buite die sterlinggebied: Sterling van 'n Eksterne Rekening, Suid-Afrikaanse £'e van 'n Eksterne Rekening of 'n nie-sterlinggebiedvaluta (spesifiseer).

(B) Ontvangers van Doeane en Aksyns en poskantore moet alle oorspronklike vorms F. 178 wat hulle aangeneem het, regstreeks aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Posbus 427, Pretoria, stuur.

No. 1533.] [2 October 1959.

NATIONALISATION OF BUILDINGS FOR HIRE AND BUILDING PLOTS IN YUGOSLAVIA.

The attention of residents in the Union or South West Africa who own buildings for hire or building plots in Yugoslavia is drawn to the fact that their rights may be affected by the Yugoslavian Nationalisation Act on buildings for hire and building plots (*Official Gazette of the Federal People's Republic of Yugoslavia* No. 52 of 31st December, 1958). This act applies to both Yugoslavian citizens and foreigners and stipulates, inter alia, that persons who owned certain immovable property on the 25th December, 1958, must, within prescribed periods, declare such property to the authority in charge of financial matters of the People's Committee of the Commune in whose area the properties concerned are situated.

Although the above-mentioned periods have already expired, interested parties are, nevertheless, advised to declare such property immediately to the authorities concerned in order to qualify for their rights under the Act. The Yugoslavian Consulate-General has advised that persons who failed to submit declarations before expiry of the prescribed periods will not suffer any disabilities unless they have deliberately avoided doing so.

Further enquiries should be directed to the Consulate-General of the Federal People's Republic of Yugoslavia, Hollard Place, Fox Street, Johannesburg.

No. 1533.] [2 Oktober 1959.

NASIONALISASIE VAN HUURHUISE EN BOUTERREINE IN JOEGO-SLAWIË.

Die aandag van inwoners van die Unie of Suidwes-Afrika wat eienaars van huurhuise of bouterreine in Joego-Slawië is, word daarop gevestig dat hulle regte geraak kan word deur die Joego-Slawiese Wet op Nasionalisasie van toepassing op huurhuise en bouterreine (*Amptelike Koerant van die Federale Volksrepubliek van Joego-Slawië* No. 52 van 31 Desember 1958). Hierdie Wet is van toepassing op beide Joego-Slawiese burgers en vreemdelinge en bepaal onder andere dat persone wat op 25 Desember 1958 eienaars van sekere onroerende eiendom was, binne voorgeskrewe tydperke 'n opgawe van sodanige eiendom moet verstrek aan die liggaam belas met finansiële aangeleenthede van die Volkskomitee van die Kommune in wie se gebied die betrokke eiendom geleë is.

Hoewel bogenoemde tydperke reeds verstryk het, word belanghebbende persone aangeraai om desnieteenstaande onmiddellik 'n opgawe by die betrokke owerheid in te dien ten einde vir hul regte kragtens die betrokke Wet in aanmerking te kom. Die Joego-Slawiese Konsulaat-generaal te Johannesburg het verklaar dat persone wat versuim het om opgawes voor die verstryking van die voorgeskrewe tydperke te verstrek, nie benadeel sal word nie tensy hulle opsetlik versuim het om dit te doen.

Verdere navrae moet aan die Konsulaat-generaal van die Federale Volksrepubliek van Joego-Slawië, Hollard Place, Foxstraat, Johannesburg, gerig word.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. 1541.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE THIRD SCHEDULE (No. 3/4).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of section *one hundred* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend the Third Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

Item.	*Article.*
935.....	By adding the following paragraph:— "(*n*) The Royal Life Saving Society".
966.....	By amending sub-paragraph (*a*) (12) as follows:— (i) By substituting the figures and letter "224 (*e*)" for "224 (*d*)". (ii) By deleting the expression "Vitamin B12".

No. 1542.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (No. 1/5).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting under the powers conferred upon me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

SCHEDULE.

Tariff Item.	*Article.*	*Minimum Duty.* £ s. d.	*Intermediate Duty.* £ s. d.	*Maximum Duty.* £ s. d.
231	By substituting for the item the following: "231 Phthalic anhydride.....	—	25%	30%"
269	By substituting for the rates of duty in paragraph (2) the following	"—	25% or	—
		each —	0 7 6	—
		whichever duty shall be the greater".		

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. 1541.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE DERDE BYLAE (No. 3/4).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens artikel *honderd* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, wysig hierby die Derde Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

Item.	*Artikel.*
935.....	Deur die volgende paragraaf by te voeg:— „(*n*) Die Koninklike Lewensreddersvereniging".
966.....	Deur subparagraaf (*a*) (12) soos volg te wysig:— (i) Deur die syfers en letter „224 (*d*)" deur „224 (*e*)" te vervang. (ii) Deur die uitdrukking „Vitamiene B12" te skrap.

No. 1542.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE (No. 1/5).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, verleen, wysig hierby die Eerste Bylae by die genoemde Wet in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

BYLAE.

Tariefitem.	*Artikel.*	*Minimumreg.* £ s. d.	*Intermediêre-reg.* £ s. d.	*Maksimumreg.* £ s. d.
231	Deur die item deur die volgende te vervang: „231 Ftaalanhidried.....	—	25%	30%"
269	Deur die regte in paragraaf (2) deur die volgende te vervang:	„—	25% of	—
		elk —	0 7 6	—
		na gelang van watter reg die hoogste is".		

No. 1545.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (No. 1/6).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting under the powers conferred on me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

SCHEDULE.

Tariff Item.	*Article.*	*Minimum Duty.* £ s. d.	*Intermediate Duty.* £ s. d.	*Maximum Duty.* £ s. d.
30	By inserting in sub-paragraph (A) of paragraph (*c*) (i) after the word "beef" the words ", excluding offal, ox tongue and sausages".....	—	—	—

No. 1545.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE (No. 1/6).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdhede my by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, verleen, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

BYLAE.

Tariefitem.	*Artikel.*	*Minimumreg.* £ s. d.	*Intermediêre-reg.* £ s. d.	*Maksimumreg.* £ s. d.
30	Deur in subparagraaf (A) van paragraaf (*c*) (i) na die woord „beesvleis" die woorde „, uitgesonderd afval, beestong en wors" in te voeg.....	—	—	—

No. 1543.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (No. 1/2).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, under the powers conferred upon me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

No. 1543.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE (No. 1/2).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, kragtens die bevoegdhede my by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, verleen, wysig hierby die Eerste Bylae by genoemde Wet in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

SCHEDULE.

Tariff Item.	*Article.*	*Minimum Duty.* £ s. d.	*Intermediate Duty.* £ s. d.	*Maximum Duty.* £ s. d.
73	By substituting for sub-paragraph (xiv) of paragraph (1) (*a*) the following:			
	"(xiv) Towels, face cloths and bath mats, of woven terry towelling....	—	25%	40%
	per lb.	—	or 0 2 0	0 3 0
	whichever duty shall be the greater".			
	By adding to paragraph (1) (*a*) the following sub-paragraphs:			
	"(xvi) Curl clips, hair clips, hair curlers and hair pins.....	—	15%	—
	(xvii) Pins and safety pins.....	—	15%	—"
76	By deleting in sub-paragraph (A) of paragraph (6) (*a*) (ix) the words "(other than flannelette and winceyette)".			
	By substituting for sub-paragraph (x) of paragraph (6) (*b*) the following:			
	"(x) raised, other than included elsewhere in this item—			
	(A) of a price free-on-board not exceeding 8s. per lb. by weight of material.....	—	10%	50%
	(B) other.....	—	10%	—"
77	By substituting for sub-paragraph (*d*) of paragraph (7) the following:			
	"(*d*) woven, other than worsted—			
	(i) manufactured from yarn of cotton and wool blended during the spinning process, but weighing not more than 4¼ ozs. per square yard and containing not more than 60 per cent by weight of wool.....	—	5%	25%
	(ii) manufactured from yarns of different colours forming a pattern or design, but excluding that provided for in sub-paragraph (iii).....	—	5%	25%
	(iii) manufactured from single or plied yarns of different colours giving the material a melange appearance.....	—	20%	40%
	(iv) plain, whether natural, bleached or dyed, but excluding that provided for in sub-paragraph (i).....	—	20%	40%
	(v) other—			
	(A) containing 100 per cent wool or hair or wool and hair mixed.....	—	5%	25%
	(B) containing man-made fibre.....	—	5%	25%
	(C) other.....	—	5%	25%"
295	By deleting in sub-paragraphs (1) (i) and (2) (i) of paragraph (*d*) the words "below 35 grammes per square metre or".			
307	By deleting sub-paragraph (*e*) of paragraph (1) and adding the following paragraph:			
	"(5) Toys:			
	(*a*) Animals, dolls and rattles, inflatable or otherwise, made wholly or chiefly of rubber or plastic material—			
	(i) of a cost free-on-board not exceeding 10s. per dozen	—	15%	—
	per dozen	—	and in addition 0 2 6	—
	(ii) of a cost free-on-board exceeding 10s. but not exceeding 15s. per dozen.....	—	15%	—
	per dozen	—	and in addition 0 5 0	—
	(iii) of a cost free-on-board exceeding 15s. but not exceeding 25s. per dozen.....	—	15%	—
	per dozen	—	and in addition 0 7 6	—
	(iv) of a cost free-on-board exceeding 25s. per dozen..	—	15%	—
	per dozen	—	and in addition 0 12 6	—
	(*b*) Other.....	—	15%	—"

BYLAE.

Tariefitem.	*Artikel.*	*Minimumreg.* £ s. d.	*Intermediêre-reg.* £ s. d.	*Maksimumreg.* £ s. d.
73	Deur subparagraaf (xiv) van paragraaf (1) (*a*) deur die volgende te vervang:			
	„(xiv) Handdoeke, gesigsdoekies en badvoetmatjies van geweefde terryhanddoekmateriaal.....	—	25%	40%
	per lb.	—	of 0 2 0	0 3 0
	na gelang van watter reg die hoogste is".			
	Deur by paragraaf (1) (*a*) die volgende subparagrawe te voeg:			
	„(xvi) Krulknippies, haarknippies, haarkrullers en haarnaalde.....	—	15%	—
	(xvii) Kopspelde en haakspelde.....	—	15%	—"
76	Deur in subparagraaf (A) van paragraaf (6) (*a*) (ix) die woorde „(behalwe flanelet en winceyette)" te skrap.			
	Deur subparagraaf (x) van paragraaf (6) (*b*) deur die volgende te vervang:			
	„(x) ru-gemaak, behalwe dié wat elders in hierdie item ingesluit is—			
	(A) met 'n prys vry-aan-boord van hoogstens 8s. per lb. gewig aan materiaal.....	—	10%	50%
	(B) ander.....	—	10%	—"
77	Deur subparagraaf (*d*) van paragraaf (7) deur die volgende te vervang:			
	„(*d*) geweef, behalwe sajet—			
	(i) vervaardig uit garedraad van katoen en wol vermeng gedurende die spinproses, maar wat nie meer as 4¼ onse per vierkante jaart weeg en volgens gewig nie meer as 60 persent wol bevat nie.....	—	5%	25%

Tariefitem.	*Artikel.*	*Minimumreg.* £ s. d.	*Intermediêre reg.* £ s. d.	*Maksimumreg.* £ s. d.
	(ii) vervaardig uit garedrade van verskillende kleure wat 'n patroon of ontwerp vorm, maar met uitsondering van dié waarvoor in subparagraaf (iii) voorsiening gemaak word..	—	5%	25%
	(iii) vervaardig uit enkel- of gevoude garedraad van verskillende kleure om die materiaal 'n gespikkelde voorkoms te gee....	—	20%	40%
	(iv) effekleurig, hetsy ongekleurd, gebleik of geverf, maar met uitsondering van dié waarvoor in subparagraaf (i) voorsiening gemaak word.....	—	20%	40%
	(v) ander—			
	(A) uit 100 persent wol of haar of 'n mengsel van wol en haar.....	—	5%	25%
	(B) wat gefabriseerde vesel bevat.....	—	5%	25%
	(C) ander.....	—	5%	25%"
295	Deur in subparagrawe (1) (i) en (2) (i) van paragraaf (*d*) die woorde „ minder as 35 gram per vierkante meter of" te skrap.			
307	Deur subparagraaf (*e*) van paragraaf (1) te skrap en die volgende paragraaf by te voeg:			
	„ (5) Speelgoed:			
	(*a*) Diere, poppe en ratels, opblaasbaar of andersins, heeltemal of hoofsaaklik van rubber of plastiese materiaal gemaak—			
	(i) met 'n koste-vry-aan-boord van hoogstens 10s. per dosyn.....	—	15% en bowendien	—
	per dosyn	—	0 2 6	—
	(ii) met 'n koste-vry-aan-boord van meer as 10s. maar hoogstens 15s. per dosyn.....	—	15% en bowendien	—
	per dosyn	—	0 5 0	—
	(iii) met 'n koste-vry-aan-boord van meer as 15s. maar hoogstens 25s. per dosyn.....	—	15% en bowendien	—
	per dosyn	—	0 7 6	—
	(iv) met 'n koste-vry-aan-boord van meer as 25s. per dosyn.....	—	15% en bowendien	—
	per dosyn	—	0 12 6	—
	(*b*) Ander.....	—	15%	—"

No. 1544.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE (No. 2/3).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, under the powers conferred upon me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

SCHEDULE.

Item.	*Article.*	*Duty rebated as under.*
491....	By inserting in sub-paragraph (vi) of paragraph (1) (*a*) after the word "women's" the words "and girls' ".	
	By adding to paragraph (1) (*a*) the following sub-paragraph:	
	"(viii) Woven fabric (other than worsted) in the piece provided for in tariff item 77 (7) (*d*), for the manufacture of boys' and girls' blazers	The intermediate duty less *ad valorem* 5 per cent."
561....	By adding the following paragraph: "(6) For the manufacture of printed or unprinted paper products other than sanitary or toilet paper:—	
	Plain paper provided for in tariff item 295 (*d*), of a substance below 35 grammes per square metre	To the extent of the intermediate duty".

No. 1544.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE (No. 2/3).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, kragtens die bevoegdhede my by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, verleen, wysig hierby die Tweede Bylae by die genoemde Wet in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

BYLAE.

Item.	*Artikel.*	*Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui.*
491....	Deur in subparagraaf (vi) van paragraaf (1) (*a*) die woord „ damesbloese", deur die woorde „ dames- en meisiesbloese", te vervang.	
	Deur by paragraaf (1) (*a*) die volgende subparagraaf te voeg:	
	„(viii) Geweefde stukgoedere (behalwe sajet) waarvoor in tariefitem 77 (7) (*d*) voorsiening gemaak word, vir die vervaardiging van seuns- en meisies-kleurbaadjies	Die intermediêre reg min *ad valorem* 5 persent".
561....	Deur die volgende paragraaf by te voeg:	
	„(6) Vir die vervaardiging van bedrukte of onbedrukte papierprodukte, behalwe sanitêre of toiletpapier:—	
	Gewone papier waarvoor in tariefitem 295 (*d*) voorsiening gemaak word, met 'n swaarte van minder as 35 gram per vierkante meter	Tot die bedrag van die intermediêre reg".

No. 1546.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—IMPOSITION OF ORDINARY DUMPING DUTY.

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend Government Notice No. 179 of the 6th February, 1959, by adding the words " and felt dampcourse " after the word " Felt " where it appears under the heading Goods.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

NOTE.—The purpose of this notice is to indicate that felt dampcourse is also liable to ordinary dumping duty.

No. 1547.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—IMPOSITION OF ORDINARY DUMPING DUTY.

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby declare that, as from the date of publication of this notice, an ordinary dumping duty, as defined in paragraph (*a*) of section *eighty-four* of the said Act, shall, in addition to any other duty payable thereon, be levied upon the following goods which are imported into the Union from or originate in the territories mentioned hereunder:—

Tariff Item.	*Goods.*	*Territories.*
295.....	Paper:	
	ex (*b*) Plain tissue.....	The United States of America and Sweden.
	ex (*d*) Plain or composite, n.e.e., of a substance below 35 grammes per square metre	The United States of America and Sweden.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

No. 1548.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1959.—REFUND OF DUTY ON CERTAIN GOODS (No. 3/5).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting in terms of sub-section (2) of section *one hundred* of the Customs Act, No. 55 of 1955, as amended by Act No. 63 of 1959, hereby amend paragraph (*a*) of Item 966 of the Third Schedule to the said Act by the addition of the following sub-paragraph:—

	Rebate.	*Refund.*
" (13) Bleached wrapping paper admissible under item 295 (*f*) of the Customs Tariff and used in the manufacture of paper bags	—	The whole duty."

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

NOTE.—The effect of this notice is to provide for a refund as indicated therein.

No. 1549.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE THIRD SCHEDULE (No. 3/6).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting in terms of section *one hundred* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Third Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

No. 1546.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—OPLEGGING VAN GEWONE DUMPINGREG.

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tagtig* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 179 van 6 Februarie 1959, deur die woorde „ en viltvoglaag " na die woord „ Vilt ", waar dit onder die opskrif Goedere verskyn, in te voeg.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die bedoeling van hierdie kennisgewing is om aan te dui dat gewone dumpingreg ook op viltvoglaag betaalbaar is.

No. 1547.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—OPLEGGING VAN GEWONE DUMPINGREG.

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tagtig* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, verklaar hierby dat, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, 'n gewone dumpingreg, soos in paragraaf (*a*) van artikel *vier-en-tagtig* van genoemde Wet omskryf, op ondergenoemde goedere wat uit ondervermelde gebiede in die Unie ingevoer word of wat van daardie gebiede afkomstig is, gehef word bo en behalwe ander regte wat daarop betaalbaar is:—

Tarifitem.	*Goedere.*	*Gebiede.*
295.....	Papier:	
	ex (*b*) Gewone sy.....	Die Verenigde State van Amerika en Swede.
	ex (*d*) Gewoon of saamgestel, n.e.v., met 'n swaarte van minder as 35 gram per vierkante meter	Die Verenigde State van Amerika en Swede.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

No. 1548.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—TERUGBETALING VAN REG OP SEKERE GOEDERE (No. 3/5).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens subartikel (2) van artikel *honderd* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, soos gewysig by Wet No. 63 van 1959, wysig hierby paragraaf (*a*) van item 966 van die Derde Bylae van genoemde Wet deur die volgende subparagraaf by te voeg:—

	Korting.	*Terugbetaling.*
„ (13) Gebleikte pakpapier toelaatbaar ingevolge item 295 (*f*) van die doeanetarief en gebruik by die vervaardiging van papiersakkies	—	Die hele reg."

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om voorsiening vir 'n terugbetaling van die reg te maak soos daarin aangedui word.

No. 1549.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE DERDE BYLAE (No. 3/6).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens artikel *honderd* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Derde Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

SCHEDULE.

Item.	*Article.*	*Rebate.*	*Refund.*
966	By the addition to paragraph (*a*) of this item of the following sub-paragraph: "(15) (i) Woven velvet fabric in the piece, of cotton, rayon, cellulose acetate or mixtures thereof, whether printed or unprinted, and material with a permanent embossed finish, admissible under items 76 (6) (*a*) and (*b*) and 78 (6) (*c*) and (*d*) of the customs tariff; (ii) Knitted fabric in the piece, worsted or otherwise, containing more than 50 per cent by weight of wool or hair or wool and hair mixed, which has incorporated in its construction metal cord or metal yarn or which was manufactured on a lace-crochet machine, admissible under items 77 (7) (*e*) and (*f*) and 71 of the customs tariff; (iii) Knitted fabric in the piece, of man-made fibres or mixtures thereof with wool or hair or wool and hair mixed, which has incorporated in its construction metal cord or metal yarn, admissible under items 78 (6) (*e*), 78 (7) (*b*) and 80 (4) (*b*) of the customs tariff; (iv) Woven fabric in the piece, of nylon or silk, whether printed or manufactured from dyed yarn, bearing an indication by selvedge, scarving, pattern, marking, draw threads or in any other manner as to where it should be cut or parted to form separate finished or unfinished garments or parts thereof, admissible under items 78 (7) (*a*) and 80 (4) (*a*) of the customs tariff, used in the manufacture of scarves, stoles, baby blankets and bedspreads.....	—	The whole duty".

BYLAE.

Item.	*Artikel.*	*Korting.*	*Terugbetaling.*
966	Deur die volgende subparagraaf by paragraaf (*a*) van hierdie item by te voeg: „(15) (i) Geweefde fluweelstukgoedere uit katoen, rayon, sellulose-asetaat of mengsels daarvan, hetsy bedruk of onbedruk, en materiaal met 'n permanente geëmbosseerde afwerking, en ingevolge items 76 (6) (*a*) en (*b*) en 78 (6) (*c*) en (*d*) van die doeanetarief toelaatbaar; (ii) gebreide stukgoedere, sajet of andersins, wat volgens gewig meer as 50 persent wol of haar of wol en haar gemeng bevat en wat in die samestelling daarvan metaalband of -draad bevat, of wat op 'n kant-hekelmasjien vervaardig is, en ingevolge items 77 (7) (*e*) en (*f*) en 71 van die doeanetarief toelaatbaar is; (iii) gebreide stukgoedere wat uit gefabriseerde vesels of mengsels daarvan bestaan of wat gemeng is met wol of haar of wol en haar en wat in die samestelling daarvan metaalband of -draad bevat, en ingevolge items 78 (6) (*e*), 78 (7) (*b*) en 80 (4) (*b*) van die doeanetarief toelaatbaar is; (iv) geweefde stukgoedere uit rayon of sy, hetsy bedruk of uit geverfde garedraad vervaardig, wat deur selfkant, voegnate, patroon, merk, trekdrade of op enige ander wyse 'n aanduiding dra wat wys waar dit gesny of geskei moet word om afsonderlike afgewerkte of onafgewerkte kledingstukke of dele daarvan uit te maak, en ingevolge items 78 (7) (*a*) en 80 (4) (*a*) van die doeanetarief toelaatbaar is, en gebruik by die vervaardiging van serpe, stolas, babakomberse en bedspreie.....	—	Die hele reg."

No. 1555.] [2 October 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—IMPOSITION OF ORDINARY DUMPING DUTY.

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend Government Notice No. 1585 of 31st October, 1958, by deleting the following:—

Ex 120 (*a*) Aluminium and aluminium alloys—

(i) in plain, perforated or corrugated sheets;

and substituting therefor the following:—

Ex 120 (*a*) Aluminium and aluminium alloys of the following descriptions, but excluding alloys containing more than 0·4 per cent magnesium, 0·5 per cent copper or 1·0 per cent silicon and products containing more than 99·9 per cent aluminium:—

(1) Flat sheets of a width not exceeding 64 inches and of a thickness from 0·012 inches to 0·125 inches;

(2) roofing and siding sheets, corrugated, not exceeding 12 feet in length and 30 inches in width;

(3) sheeting in rolls or coils (other than foil stock) not exceeding 33 inches in width and 0·125 inches in thickness; and

(4) circles not exceeding 48 inches in diameter and 0·25 inches in thickness.

Ex 120 (*d*) Aluminium and aluminium alloy roofing and siding sheets, in configurated form other than corrugated, not exceeding 12 feet in length and 30 inches in width, but excluding alloys containing more than 0·4 per cent magnesium, 0·5 per cent copper or 1·0 per cent silicon and products containing more than 99·9 per cent aluminium.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

NOTE.—The effect of this notice is to limit the application of the ordinary dumping duty to the above-mentioned articles.

No. 1555.] [2 Oktober 1959.

DOEANEWET, 1955.—OPLEGGING VAN GEWONE DUMPINGREG.

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tagtig* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 1585 van 31 Oktober 1958, deur die volgende te skrap:—

Ex 120 (*a*) Aluminium en aluminiumallooie—

(i) in gewone, geperforeerde of gegolfde plate;

en dit deur die volgende te vervang:—

Ex 120 (*a*) Aluminium en aluminiumallooie van die volgende beskrywing, maar uitgesonderd allooie bevattende meer as 0·4 persent magnesium, 0·5 persent koper of 1·0 persent silikon en produkte bevattende meer as 99·9 persent aluminium:—

(1) Plat plate hoogstens 64 duim breed en met 'n dikte van 0·012 duim tot 0·125 duim;

(2) dak- en syplate, gegolf, hoogstens 12 voet lank en 30 duim breed;

(3) plate in rolle (behalwe „foilstock") hoogstens 33 duim breed en 0·125 duim dik; en

(4) sirkels hoogstens 48 duim in deursnee en 0·25 duim dik.

Ex 120 (*d*) Aluminium- en aluminiumallooidak- en syplate, anders gevorm as gegolf, hoogstens 12 voet lank en 30 duim breed, maar uitgesonderd allooie bevattende meer as 0·4 persent magnesium, 0·5 persent koper of 1·0 persent silikon en produkte bevattende meer as 99·9 persent aluminium.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die toepassing van die gewone dumpingreg tot die bovermelde artikels te beperk.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1536.] [18 September 1959.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased under the powers vested in him by section *three* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to appoint Mr. Stephanus Grové, Administrative Control Officer, Department of the Interior, as a member and Chairman of the Immigrants' Selection Board for a period two years, with effect from the 1st September, 1959.

No. 1561.] [22 September 1959.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937—KOTOWICZ TO KAY.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Michal Rola Kotowicz and his wife, Petronella Johanna Dorothea Kotowicz, residing at Polana, Zastron Road, Milnerton, Cape, to assume the surname Kay.

No. 1567.] [23 September 1959.

NEWSPAPER AND IMPRINT ACT, 1934. IMPRINT ABBREVIATIONS REGISTERED IN TERMS OF SECTION *EIGHT*, IMPRINTS ON PRINTED MATTER.

The Minister of the Interior has been pleased under the powers vested in him by sections *seven* and *eight* of the Newspaper and Imprint Act, No. 14 of 1934, to authorise the printers mentioned hereunder to use the abbreviations set opposite their names in lieu of, or in addition to their full names and addresses.

Name of Person or Firm. *Naam van Persoon of Firma.*	Address. *Adres.*	Abbreviations Authorised. *Goedgekeurde Afkortings.*
Unsgaard & Samson (Pty.), Ltd.....	Corner of/*Hoek van* Section and/*en* Carlisle Streets/*-straat*, Paardeneiland, Cape Town/*Kaapstad*	"UNSGAARD SAMSON".
Baren Co. (Pty.), Ltd.....	124A Landdrost Street/*-straat*, Vryheid, Natal.....	"BARENCO VHD".
The Sedan Press (Pty.), Ltd.....	Corner of/*Hoek van* Melle and/*en* Stiemens Streets/*-straat*, Johannesburg	"SEDAN".
Printon (Pty.), Ltd.....	82 Mooi Street/*-straat*, Corner of/*hoek van* President Street/*-straat*, Johannesburg	"PRINTON".
Drostdy Drukkers (Eiens.), Bpk.....	33 Bourke Street/*-straat*, Graaff-Reinet.....	"D.P.Grt.".
Able Printers (Pty.), Limited.....	21 Harris Street/*-straat*, Westgate, Johannesburg.....	"ABLE".
Jonsson Advertising (Pty.), Ltd.....	London House/*-huis*, Loveday Street/*-straat*, Johannesburg.....	"U.A.T.".
H. L. Snow.....	12 Hampton Road/*-weg*, Clifton Park Ext./*-uitbreiding*, East London/*Oos-Londen*	"SNOW-PRINTS".
C. H. Wright.....	3 McKinley Court/*-hof*, McKinley Road/*-weg*, Kenilworth.....	"THE TEMPLAR PRESS".
Cavalla, Limited.....	344 Victoria Road/*-weg*, Salt River/*Soutrivier*, Cape Town/*Kaapstad*	"LHP".
African Soul Crusade.....	St. Blaize, Firdale Road/*-weg*, Sea Point/*Seepunt*.....	"THE CRUSADER PRESS"
Napiers (Pty.), Ltd.....	57 Loop Street/*-straat*, Cape Town/*Kaapstad*.....	"NAPIERS 1911".
The Metal Box Co. of S.A., Ltd.....	34 Product Street/*-straat*, Tiger Oats Estate, Maitland, Cape/*Kaap*	"MB" 9
African Veterinery Agencies (Pty.), Ltd.	7 Voortrekker Road/*-weg*, Bellville, Cape/*Kaap*.....	"AVA"

AMENDMENTS [SECTION *EIGHT* (7) OF THE ACT].

The following amendments are hereby authorised:—

Name of Person or Firm. *Naam van Persoon of Firma.*	Address. *Adres.*	Abbreviations Authorised. *Goedgekeurde Afkortings.*
Humansdorp Printing.....	Main Street/*Hoofstraat*, Humansdorp.....	Registered imprint/*geregistreerde drukkersnaam* "Re-Echo Humansdorp" amended to read/*verander na* "S.O.H. Dorp".

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1536.] [18 September 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), mnr. Stephanus Grové, Administratiewe Beheerbeampte, Departement van Binnelandse Sake, as lid en Voorsitter van die Raad vir die Keuse van Immigrante, vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 1 September 1959, aan te stel.

No. 1561.] [22 September 1959.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—KOTOWICZ IN KAY.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Michal Rola Kotowicz en sy eggenote, Petronella Johanna Dorothea Kotowicz, woonagtig te Polana, Zastronweg, Milnerton, Kaap, te magtig om die van Kay aan te neem.

No. 1567.] [23 September 1959.

NUUSBLAD- EN DRUKKERSNAAM-WET, 1934.—AFKORTINGS VAN DRUKKERSNAME GEREGISTREER INGEVOLGE ARTIKEL *AGT*, AFKORTINGS OP GEDRUKTE STUKKE.

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *sewe* en *agt* van die Nuusblad- en Drukkersnaam-Wet, No. 14 van 1934, onderstaande drukkers te magtig om die afkortings teenoor hulle name vermeld, as drukkersname benewens of in plaas van hulle volledige name te gebruik.

Name of Person or Firm. *Naam van Persoon of Firma.*	Address. *Adres.*	Abbreviations Authorised. *Goedgekeurde Afkortings.*
Unsgaard & Samson (Pty.), Ltd.....	Corner of/*Hoek van* Section and/*en* Carlisle Streets/*-straat*, Paardeneiland, Cape Town/*Kaapstad*	"UNSGAARD SAMSON".
Baren Co. (Pty.), Ltd.....	124A Landdrost Street/*-straat*, Vryheid, Natal.....	"BARENCO VHD".
The Sedan Press (Pty.), Ltd.....	Corner of/*Hoek van* Melle and/*en* Stiemens Streets/*-straat*, Johannesburg	"SEDAN".
Printon (Pty.), Ltd.....	82 Mooi Street/*-straat*, Corner of/*hoek van* President Street/*-straat*, Johannesburg	"PRINTON".
Drostdy Drukkers (Eiens.), Bpk.....	33 Bourke Street/*-straat*, Graaff-Reinet.....	"D.P.Grt.".
Able Printers (Pty.), Limited.....	21 Harris Street/*-straat*, Westgate, Johannesburg.....	"ABLE".
Jonsson Advertising (Pty.), Ltd.....	London House/*-huis*, Loveday Street/*-straat*, Johannesburg.....	"U.A.T.".
H. L. Snow.....	12 Hampton Road/*-weg*, Clifton Park Ext./*-uitbreiding*, East London/*Oos-Londen*	"SNOW-PRINTS".
C. H. Wright.....	3 McKinley Court/*-hof*, McKinley Road/*-weg*, Kenilworth.....	"THE TEMPLAR PRESS".
Cavalla, Limited.....	344 Victoria Road/*-weg*, Salt River/*Soutrivier*, Cape Town/*Kaapstad*	"LHP".
African Soul Crusade.....	St. Blaize, Firdale Road/*-weg*, Sea Point/*Seepunt*.....	"THE CRUSADER PRESS"
Napiers (Pty.), Ltd.....	57 Loop Street/*-straat*, Cape Town/*Kaapstad*.....	"NAPIERS 1911".
The Metal Box Co. of S.A., Ltd.....	34 Product Street/*-straat*, Tiger Oats Estate, Maitland, Cape/*Kaap*	"MB" 9
African Veterinery Agencies (Pty.), Ltd.	7 Voortrekker Road/*-weg*, Bellville, Cape/*Kaap*.....	"AVA"

WYSIGINGS [ARTIKEL *AGT* (7) VAN DIE WET].

Onderstaande wysigings word hierby goedgekeur:—

Name of Person or Firm. *Naam van Persoon of Firma.*	Address. *Adres.*	Abbreviations Authorised. *Goedgekeurde Afkortings.*
Humansdorp Printing.....	Main Street/*Hoofstraat*, Humansdorp.....	Registered imprint/*geregistreerde drukkersnaam* "Re-Echo Humansdorp" amended to read/*verander na* "S.O.H. Dorp".

DEPARTMENT OF COLOURED AFFAIRS.

No. 1568.] [2 October 1959.

APPLICATION OF STANDARD REGULATIONS RELATING TO GRAZING RIGHTS OF REGISTERED OCCUPIERS AND CONTROL OF COMMONAGE AND GRAZING TO THE LELIEFONTEIN COMMUNAL RESERVE.

The Honourable the Minister of the Interior has been pleased to approve, in terms of paragraph (*c*) of sub-section (2) *ter* of section *six* of the Mission Stations and Communal Reserves Act, No. 29 of 1909 (Cape), as amended, the adoption by the Board of Management of the Leliefontein Communal Reserve, Division of Namaqualand, as regulations for the area under its jurisdiction, of the Standard Regulations, Parts I and II, relating to Grazing Rights of Registered Occupiers and Control of Commonage and Grazing, published in Government Notice No. 433 of 20th March, 1959.

DEPARTEMENT VAN KLEURLINGSAKE.

No. 1568.] [2 Oktober 1959.

TOEPASSING VAN STANDAARDREGULASIES INSAKE WEIREGTE VAN GEREGISTREERDE OKKUPEERDERS EN BEHEER OOR DIE MEENT EN WEIDING OP DIE LELIEFONTEIN-GEMEENSKAPSRESERVAAT.

Dit het Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens paragraaf (*c*) van subartikel (2) *ter* van artikel *ses* van die „Mission Stations and Communal Reserves Act", No. 29 van 1909 (Kaap), soos gewysig, goedkeuring te verleen aan die aanname deur die bestuursraad van die Leliefontein-gemeenskapsreservaat, afdeling Namakwaland, as regulasies vir die gebied onder sy beheer, van die Standaardregulasies, Dele I en II, insake Weiregte van Geregistreerde Okkupeerders en Beheer oor die Meent en Weiding, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 433 van 20 Maart 1959.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1534.] [2 October 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

RENEWAL OF THE AGREEMENT FOR THE OPHTHALMIC MANUFACTURING INDUSTRY.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour hereby in terms of sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare the provisions of Government Notice No. 1174, dated the 10th June, 1955, as renewed by Government Notice No. 1180 of the 9th August, 1957, and amended by Government Notice No. 1592 of the 18th October, 1957, to be effective from the date of publication of this notice and for a period of three months.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

